

21 Maart

Romeine 3:9-20 en 23-24

Die mens...geen strafversagting

As iemand in 'n regsak skuldig bevind word, is alles nog nie verlore nie. Skuldigbevinding beteken nie outomaties tronkstraf of 'n hoë boete nie. Die verdediging kan nog altyd 'n roerende betoog ter strafversagting lewer. Die beskuldigde is dalk 'n eerste oortreder of hy het moontlik 'n lang lewe van onbaatsugtige en besondere diens aan sy kerk en gemeenskap gewy. Die advokaat vir die verdediging kan hierdie lys van verdienstes so netjies in sy pleitversagting aanvoer dat die beskuldigde met slegs 'n waarskuwing uit die hof kan stap.

Wat sal ons voor die hemelse regbank as strafversagting kan aanvoer? Op watter verdienstes sal ons kan roem?

Watter instansies sal namens ons kan getuig?

Hierdie gedeelte uit die Romeine-brief hou maar 'n donker en droewige prentjie voor. Ons kan ons op geen verdienste hoegenaamd beroem nie. Gevolglik sal niemand dit vir 'n oomblik oorweeg om namens ons te getuig nie. *"Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie "*.

Dit is duidelik dat ons sondig met gedagtes, woorde en dade. Waarop sal ons ons dus kan beroem? :24 " *maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. "*

Leef in hierdie vryspraak tot eer van sy Naam.

Sing: Psalm 130:4

M.P. Fourie (Kriel)